

Munnik Fourie (Bfr) Financial Services (Pty) Ltd  RC Krause, JMC Fourie, C Slabbert, AE Bothma  
Reg. No: 2001/006074/07 | SAICA Pract. No: 03385082

MFI (Cape Town) (Pty) Ltd  RC Krause, JMC Fourie, RP Diederichs  
Reg. No: 2014/180114/07 | SAICA Pract. No: 30678156

MFI Trust (Pty) Ltd  RC Krause, JMC Fourie, JL Jordaan, C Slabbert  
Reg. No: 2001/028844/07 | Council of Medical Schemes No: ORG 3274  
Certified Financial Services Provider | FDV/FSP: 12045

24 April 2020

Goeiedag

In onseker tye soos hierdie besef ons weereens hoe sterflik ons is en is dit dalk juis nou 'n goeie idee om weer te kyk na die versorging van u geliefdes na u dood en of daar voldoende voorsiening gemaak is vir die behoorlike uitvoering van u wense in u testament?

Ek kom daagliks in aanraking met kliënte en besef hoe belangrik 'n behoorlike boedelbeplanning en die uitvoering van 'n kliënt se laaste wense is en ek verstaan die hartseer van geliefdes wanneer 'n oorledene se wense nie uitgevoer kan word nie.


Beantwoord gerus vir uself die volgende vrae:

- Het ek al hierdie jaar 'n behoorlike boedelbeplanning laat doen?
- Pas dit by my huidige omstandighede en besef ek dat sekere veranderinge van omstandighede in my lewe die wysiging van my testament noodsaak, soos o.a. die verandering van my huweliksstatus, die geboorte van 'n kind en die sterfte van 'n erfgenaam?
- Het ek genoeg kontant in my boedel om die normale uitgawes en administrasiekostes van 'n boedel te dek en sal my boedel eendag sonder enige komplikasies beredder kan word?
- Is my boedelbeplanning gunstig sover dit Inkomstebelasting betref?
- Het ek die nodige gedoen om boedelbelasting tot 'n minimum te beperk?
- Hoe sal kapitaalwinsbelasting my boedel beïnvloed?

Indien u "nee" of "ek weet nie" op enige van hierdie vrae geantwoord het, moet u beslis u boedelplan laat evalueer en wil ek 'n vriendelike versoek aan u rig om asseblief u bestaande testament aan ons te stuur vir hersiening of om die ingeslotte vorm te voltooi en aan ons terug te stuur ten einde ons in staat te stel om 'n testament ooreenkomsdig u unieke behoeftes op te stel en aan u voor te lê vir ondertekening, waarna ons u sal voorsien van 'n lys van dokumente wat u by u testament kan liasseer, 'n riglyn oor wat om te doen en wie om te kontak wanneer 'n geliefde heengaan en die algemene boedelberedderingsproses aan u verduidelik.

Elke persoon se boedelbeplanningsbehoeftes is uniek en juis daarom bied ons hierdie diens aan u met 'n persoonlike benadering wat ook objektief en vertroulik is en wil ons u uitnooi om vandag nog hieroor te dink en ons te kontak vir 'n afspraak om hierdie belangrike saak te bespreek, ten einde te verseker dat u geliefdes se toekoms in goeie hande is.

Ons hoor graag van u in hierdie verband.

Vriendelike groete  


Jannie Fourie

DIREKTEUR

Bloemfontein

+27 51 430 5157

+27 51 430 4380

C/O Pres Steyn Ave & Arboretum Ave, Westdene

Postnet suite 24, Private Bag x2, Welgemoed, 7538



Cilliers Krause

DIREKTEUR

Cape Town

+27 81 460 8278

Unit 14, Block A, Canal Edge, Tyger Waterfront, Bellville

Postnet suite 24, Private Bag x2, Welgemoed, 7538